Ark Blitz

Les 23 - **DIE PLAN GAAN VAN KLEIN NA GROOT**

Ons vertel vandag die verhaal asof ons Jakob is

In die vreemde land by ’n waterput, het ek vir Ragel, my oom Laban se jongste dogter, ontmoet. Laban het twee dogters, Lea, die oudste met die mooi sagte oë en beeldskone Ragel, my gunsteling. Na ek vir ’n maand by my oom gewerk het, het Laban aangebied om my te vergoed vir my werk. Ek het aangebied om sewe jaar vir Laban te werk om met Ragel te kon trou. Na die 7 jaar het die groot dag aangebreek, maar Laban het op ’n skelm manier vir Lea as my vrou gegee. Ek was baie ontsteld toe ek agterkom dat ek bedrieg is. Laban se rede hoekom hy my bedrieg het, was dat dit die familie se gebruik was om die oudste dogter voor die jongste te laat trou. Hy het beloof om Ragel na ’n week vir my as vrou te gee as ek vir die volgende 7 jaar ook vir hom werk. In daardie 14 jaar wat ek vir Laban gewerk het, het God my met ’n groot familie, rykdom en besittings geseën. Altesaam het ek 13 kinders. 12 seuns en 1 dogter. Agter elke seun in my familie se naam is daar ’n storie. God se belofte het net by een mens begin en is besig om na ’n volk uit te kring. Ek het gemerk dat Laban nie meer soos voorheen oor my voel nie. God het aan my gesê: “Gaan terug na jou vaderland, na jou familie toe, Ek sal by jou wees.” Ek het na God geluister en met my vrouens en kinders op kamele en al my vee en besittings bymekaar, het ek gevlug. Vir Laban het ek bedrieg deur hom nie te vertel van my vlug nie. Om dinge te vererger, steel Ragel haar pa se afgodsbeeldjies sonder dat ek daarvan weet. Laban, met die mans in sy familie, het my agterna gesit. God het in ’n droom na Laban gekom en vir hom gesê: “Wees versigtig vir wat jy vir Jakob sê”. Ek en Laban het ’n vredesooreenkoms aangegaan en ’n kliphoop as herinnering gepak. Daarna het Laban die familie gegroet. Ek het baie bang geword toe ek uitvind dat my broer Esau met 400 man op pad is na my. Ek bewerk ’n plan en verdeel al my mense en vee in twee groepe. Benoud het ek tot God gebid. Ek het groot geskenke en vee na Esau gestuur. Ek was alleen die aand voor ek vir Esau ontmoet. Skielik was daar ’n man in die pad by my wat met my begin stoei het. Die man het gou besef hy gaan nie vir my wen nie. Hy slaan toe vir my baie hard en seer op my heup. Die man het gesê: “Los my, want die dag breek.” Ek het geantwoord: “Ek sal jou net los as jy my seën.” Die man vra: “Wat is jou naam?” “My naam is Jakob”, antwoord ek. Die man sê toe die volgende belangrike, woorde wat vir altyd ’n verskil sou maak in my lewe en in die geskiedenis van my nageslag: “Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel....”. Ek het toe geweet God gaan sy plan enduit voer. Uiteindelik het ek en Esau mekaar ontmoet. Esau het ’n keuse gehad – hy kon vergewe of doodmaak. Ek was verniet bang. Esau was baie bly om my te sien. Ons twee broers is versoen. Esau het my geskenke aanvaar en ek het besef dat wanneer God eerste staan, jy nie op mense, besittings en jou eie krag hoef staat te maak nie.

Hoekom is daar ‘n stêr by Juda?

Juda beteken PRYS!!!!

Versoen = 2 mense wie se verhouding stukkend was, kom weer bymekaar uit, vergewe mekaar en word opnuut vriende.